

*Steek 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Markus 8 : 31-38

**Tema :** Wanneer is “Sukses” nie alles nie? En wat is meer as dit wanneer?

### BROODJIES VIR DIE PAD

“He has achieved success who has lived well, laughed often, and loved much;  
Who has enjoyed the trust of pure women, the respect of intelligent men and the love of little children;  
Who has filled his niche and accomplished his task;  
Who has never lacked appreciation of Earth's beauty or failed to express it;  
Who has left the world better than he found it, Whether an improved poppy, a perfect poem, or a rescued soul;  
Who has always looked for the best in others and given them the best he had;  
Whose life was an inspiration;  
Whose memory a benediction.”  
— Bessie Anderson Stanley,

“Try not to become a man of success. Rather become a man of value.”  
— Albert Einstein

“Kites rise highest against the wind, not with it.”  
— Winston S. Churchill

“It has always seemed strange to me...The things we admire in men, kindness and generosity, openness, honesty, understanding and feeling, are the concomitants of failure in our system. And those traits we detest, sharpness, greed, acquisitiveness, meanness, egotism and self-interest, are the traits of success. And while men admire the quality of the first they love the produce of the second.”  
— John Steinbeck, Cannery Row

*Ek's oek kallit*

*Ek praat nie van hos dji nie  
nog minder van awêh my bru  
My stap het nie 'n bumpie in nie  
en my broek is oor my gat getrek  
Nog steeds is ek oek kallit*

*Ek praat dalk anders  
en groet my bure:  
goeiemôre  
Sonder Early B wat in die agtergrond kletsrym*

*Julle noem my coconut:  
Wit binne, bruin buite  
Kyk my asof ek nie in julle  
gemeenskap behoort nie  
Ek dra nie 'n swirlkous nie  
fietna nie met 'n gown en koppie tee nie  
oordryf ook nie wanneer ek 'n storie vertel nie,  
maar ek's nog steeds oek kallit*

*Preek julle dan nie oor  
diversity nie?  
Of gaan julle my die hele tyd  
critique?  
Ongeag:  
ek's oek kallit  
sonder die ge-dji en ge-djou  
-Shane Heynes-*

“Theology is-- or should be-- a species of poetry, which read quickly or encountered in a hubbub of noise makes no sense. You have to open yourself to a poem with a quiet, receptive mind, in the same way you might listen to a difficult piece of music... If you seize upon a poem and try to extort its meaning before you are ready, it remains opaque. If you bring your own personal agenda to bear upon it, the poem will close upon itself like a clam, because you have denied its unique and separate identity, its inviolate holiness.”  
— Karen Armstrong, The Spiral Staircase: My Climb Out of Darkness

“I have frequently seen people become neurotic when they content themselves with inadequate or wrong answers to the questions of life. They seek position, marriage, reputation, outward success of money, and remain unhappy and neurotic even when they have attained what they were seeking. Such people are usually confined within too narrow a spiritual horizon. Their life has not sufficient content, sufficient meaning. If they are enabled to develop into more spacious personalities, the neurosis generally disappears.”  
— C.G. Jung, Memories, Dreams, Reflections

“I do not pray for success, I ask for faithfulness.”

— Mother Teresa of Calcutta

“If you’re in the luckiest one per cent of humanity, you owe it to the rest of humanity to think about the other 99 per cent.”

— Warren Buffett

### **Wilhelm Jordaan: As jy jou geliefde hond vir die laaste keer groet**

Vandat ons verneem het my geliefde se Jack Russell-hond het erge kanker, het die swaar besef al hoe swaarder geword. Ons moet hom laat gaan, al huppel hy nog effentjies as hy dink ons gaan met hom in die veld stap.

En hoe kry jy dít dan oor jou hart om die dier wat in jou hartkamers ’n inwonende beminde geword het, vir die laaste keer te groet met ’n sagte streling van die kop en ’n klein bietjie vashou soos toe hy nog ’n klein bondeltjie hond was en snags agter jou rug of in die waai van jou bene— kom inkruip het; of op jou voete kom lê het as jy sit en skryf . . .

Terwyl ek so sit, kom daar ’n notatjie van my geliefde wat 18 jaar lank sy eiesoortige hondwees beleef het: “Ek wéét dit is net ’n hond. ’n Hond wat met sy nat snoet teen my kom lê het toe niemand anders kon troos nie. ’n Hond wat toe sy baas op sy siekste was, styf langs hom bly lê het tot die heel éinde toe. “’n Hond wat sorgeloos saam met my deur die Kalahari-veld gehardloop het en vér vooruit oor die witwolke-heuwels van die Boland. ’n Hond wat my werf met elke greintjie van sy wese verdedig het, elke kat of slang of korhaan bestorm en op ’n veilige afstand gehou het. ’n Hond wat my álles geleer het van groothartigheid, vergifnis en aanvaarding, wat altyd bly was om my te sien. In sy hondwees lê my lewe opgesluit: Die uitbundige lag én die droewige huil. Hy het alles van menswees af geweet. My hond se naam was Maja.”

Ek hou my geliefde vas as die hartseer kom, want ek begryp al was Maja stom in mensetaal het hulle mekaar verstaan; hul eie praat met mekaar gepraat. En in die drie jaar wat ek hom geken het, had ek menige diep gesprekke met dié “filosoof” met sy droewige, starende gelaat, veral as hy pleit om nog ’n happie menskos.

Dis die “eie praat met mekaar” van mens en dier wat sommige geleerdes laat sê dit beduie die mens se antropomorfiëse nuk om menslike eienskappe aan diere en nielewende dinge toe te ken. Dis maar soos om Mickey en Minnie Mouse, Sarel Seemonster en Liewe Heksie mensetaal te laat praat, en so ook die diere in The Lion King en George Orwell se Animal

Farm. Diere is oplaas nie mense nie; praat nie met jou nie en wat jy aanvoel of sê jy weet, is ’n bietjie (speelse) sinsbedrog. Basta met dié kil, onverskillige uitleg. Hou eerder vas aan Albert Schweitzer se filosofie van “eerbied vir lewe”, waarvolgens alles wat leef, besit geag en gekoester word omdat lewe heilig is . . .

Ons gaan Maja nou groet. Dis “ons beurt”, soos die digter Carol Clarke skryf: “. . . die veearts wink. Hadidas roep rou / anderkant die glas / van die wagkamer. / Ons maak jou halsband los, / ek haal dit af. / Hy neem sy spuit . . . / Waarom / draai jy na my? / Gaan. Gaan dan! / Loop soek die haas, / die tarentaal / wat in die newel spook; / dié keer moet jy alleen / die ruigtes in.”

• *Jordaan is ’n ontvanger van die Stalsprys vir sielkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die mening van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

## **BROOD VIR DIE PAD**

### **Geestelike waardes: Lydenstyd en ’n eerlik blik op die menslike toestand Netwerk24**

In 1924 verskyn die Duitse skrywer Thomas Mann se grootse roman Der Zauberberg (in Engels vertaal as The Magic Mountain).

Daarin lees ons van ’n jong ingenieur, Hans Castrop, wat na Davos reis om sy neef wat aan tuberkulose ly in ’n sanatorium in die Switserse Alpe te gaan besoek. Dit is ’n plek waar, soos die Nederlandse teoloog K.H. Miskotte dit stel, die siekes gesond word en die gesondes siek. Daar blyk dit dan ook dat Castrop self gesondheidsprobleme het.

En wat ’n besoek van ’n paar weke sou wees, word uiteindelik ’n verblyf van sewe jaar. Wat gou duidelik word in die roman, ook uit die lewensbeskouings van diegene wat daar tuisgaan, is dat die sanatorium as ’n mikrokosmos van die Europese samelewing kort voor die Eerste Wêreldoorlog funksioneer. Te midde van die konfrontasie met siekte en dood word dit ’n ruimte waar geesteskragte met mekaar in botsing kom, asook waar siektes van die gees en die tydsgees aan die lig kom.

Een van die boeiende aspekte van The Magic Mountain is die gesprekke tussen Lodivico Settembrini en Leo Naphta, twee van die pasiënte. Eersgenoemde kan gesien word as ’n verteenwoordiger van die liberale humanistiese tradisie met ’n sterk geloof in die

rede, terwyl laasgenoemde vatbaar is vir allerlei fanatieke en totalitêre idees.

In die kerklike jaar is dit Lydenstyd, die liturgiese tyd wat met Aswoensdag begin; 'n dag waarop die fokus val op 'n eerlike blik op ons sterflikheid en morele en geestelike feilbaarheid. Dit kan as herinnering dien, soos Mann se roman van 'n eeu gelede, om nie onder illusies te verkeer oor ons menslike toestand nie.

In 'n sleutelhoofstuk in Mann se merkwaardige roman, met as opskrif "Sneeu", lees ons hoe Hans Castorp buite die sanatorium in die sneeu verdwaal en allerlei hallusinasies het. Maar ons lees ook hoe daar met die terugblik daarop 'n insig na hom kom. Sy lewensreis het hom heelwat van redelikheid, roekeloosheid en die delikaatheid van die lewe geleer. En dat die dood as magtige realiteit verreken moet word. Maar hy wil nog iets onthou.

In sy woorde (en dit is waarskynlik betekenisvol dat die laaste sin in kursiewe druk klem ontvang): "I will keep faith with death in my heart, yet well remember that faith with death and the dead is evil, is hostile to humankind, so soon as we give it power over thought and action. For the sake of goodness and love, man shall let death have no sovereignty over his thoughts."  
– RRV

[wynandqnel@outlook.com](mailto:wynandqnel@outlook.com) 082 901 5877